

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 34

11 Oktober 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

DAMESTEE : 12 OKTOBER 2019

Ons is baie opgewonde om die bekende akteur, Ramey Short van Binnelanders-faam, as die gasspreker by ons te verwelkom by ons damestee wat môre, 12 Oktober om 10:00 in ons skoolsaal plaasvind. Hierdie geleentheid was nog altyd baie goed ondersteun en hierdie jaar is geen uitsondering nie. Ons glo dit gaan ‘n heerlike oggend wees.

EKSAMEN 2019

Daar is net 3 en ‘n half weke in die vierde kwartaal oor voor ons eksamen begin. Die Provinsiale Onderwysdepartement het ‘n tydraamwerk vir gr. 3 en 6 voorgeskryf waarbinne die eksamen moet plaasvind. Ons het dus die skool se eksamenrooster dienooreenkomstig aangepas. Ons moes ons kwartaal sorgvuldig beplan sodat ons genoeg tyd het om ons werk te voltooi. Met die voorgestelde roosters sal ons vanaf 6 November om 12:00 sluit sodat ons kinders die geleentheid het om deeglik vir elke dag voor te berei.

2020 BEGROTINGSVERGADERING: 17 OKTOBER 2019

Ons herinner u aan die 2020 begrotingsvergadering wat op Donderdag, 17 Oktober 2019, om 17:30 in die skoolsaal gehou sal word. (Die kennisgewingsbrief van die begrotingsvergadering is alreeds op Donderdag, 12 September aan u kind gegee).

Tydens hierdie ouervergadering sal die voorgestelde begroting vir 2020 aan u voorgelê word vir oorweging en goedkeuring, met of sonder wysiging.

Enige ouer of wettige voog van leerlinge in die skool het die reg om die vergadering by te woon. Die begrotingsdokumente is reeds vanaf 1 Oktober by die kantoor ter insae beskikbaar.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto’s te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2019

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolgelde betaal. Ek wil tog ‘n vriendelike beroep doen op diegene wat agterstallig is, om die verpligting wat betref u kind se skoolgelde, so spoedig moontlik na te kom. Die skool is verantwoordelik vir sy eie rekeninge, want ons kry **minimale** hulp van die staat. Indien daar nie deur ouers gereageer word deur hul skoolgelde te betaal nie, sal die beheerliggaam genoodsaak wees om verdere stappe te neem. Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en/of u kind se naam en van verskaf.

‘n Bewys van betaling moet per e-pos na fin@lnpark.co.za gestuur word.

EKSAMENWENKE
Algemene punte

1 Om te studeer is ‘n daaglikse proses.

2 Begin jou hersiening twee tot drie weke voor die eksamen. Stel vir jou ‘n eksamenrooster op.

3 Merk af op jou rooster soos jy studeer.

4 Beplan jou werk. Deel die werk op in verskillende dae.

5 Stel vir jou doelwitte om jou punte te verbeter.

6 Studeer op jou eie. Studeer hardop.

7 Drie goeie studiemetodes:

- 7.1 Lees hardop.
- 7.2 Skryf dit in jou eie woorde en maak opsommings.
- 7.3 Hersien gereeld.

8 Onthou: As jy nie skryf nie, studeer jy nie op die regte manier nie.

Studeer op ‘n stil plek, waar niemand jou aandag sal aftrek nie. Na ‘n uur moet jy ‘n rustyd hê. Moenie alles leer nie – net die belangrike punte. Moenie alles tot op die laaste minuut los nie.

Onthou – ‘n bietjie swaarkry en dan baie lekker kry!

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Reken vir sukses in jou werk op 90% perspirasie en 10% inspirasie.
Anoniem

Hoe groter die eiland van kennis is, hoe groter is die kuslyn van verwondering.
Ralph W. Sockman

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 084693531

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:

Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 14 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00**
Di – 15 Oktober	:	Krieket: 0/9A+B teen Sunridge Park **(w)** Tennis Seuns: Clarendon teen LNP senior A **(w)** Tennis Seuns: Lorraine A teen LNP senior B **(w)** Tennis Seuns: LNP junior A teen Theodor Herzl A **(t)** Tennis Seuns: LNP junior B teen Summerwood A **(t)** Kuns graad R – 2: **13:30 – 14:30** Kuns graad 3: **14:00 – 15:00** Kuns graad 4 – 7: **14:15 – 15:00** Skaak: graad 1 – 2: **13:30 – 14:15** Skaak: graad 3 – 7: **14:20 – 15:15**
Wo – 16 Oktober	:	Klerewinkel: **12:00 – 14:30** Krieket: 0/13A teen Harvest Christian School **(w)**
Do – 17 Oktober	:	Krieket: 0/11A teen Frans Conradie **(w)** Tennis Dogters: LNP senior A teen Lorraine A **(t)** Dance Kids-ballet graad R: **13:15** Begrotingsvergadering – ouers : **17:30**
Vr – 18 Oktober	:	Klerewinkel: **07:30 – 12:00** Graad 7 VCSV kamp
Sa – 19 Oktober	:	Graad 7 VCSV kamp
So – 20 Oktober	:	Graad 7 VCSV kamp

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
8 Oktober	0/9A	Parsons Hill	LNP teken 26 lopies aan en verloor 4 paaltjies. Parsons Hill teken 18 lopies aan en verloor 3 paaltjies. LNP wen met ‘n gemiddeld van 6.5 teenoor 6
8 Oktober	0/9B	Parsons Hill	Gemengde spanne speel gelykop
10 Oktober	0/11A	Sunridge Park	LNP teken 33 lopies aan maar verloor egter met 10 paaltjies

MUSIEK: UNISA TEORIE EKSAMEN

Die volgende leerlinge skryf hierdie week hul UNISA teorie-eksamen:

Gr. 2 : Chanté Kotzé
Anike Kühn

Gr. 1 : Lara Nell
Karla van Rooyen
Henry Greeff
Reinhardt Welman

Ons wens hulle sterkte toe.

SA TENNIS-TOERNOOI : CRADOCK

Jason Nell in graad 7E het die naweek van 21 - 22 September 2019 aan die SA Tennistoernooi in Cradock deelgeneem en ‘n algehele 3de plek verower in die seuns 0/14 ouderdomsgroep.
Baie geluk!

KHULASANDE SUB-YOUTH LEAGUE ATLETIEK-BYEENKOMS

Chloë Erasmus in graad 7E het Vrydag, 4 Oktober 2019 aan die Khulasande Sub-Youth League atletiek-byeenkoms deelgeneem waar sy ‘n 2de plek in gewigstoot behaal het met ‘n afstand van 9,84m. Baie geluk!

KARATE

Drie van ons leerlinge het Saterdag, 5 Oktober aan die Titan Karate Klub kompetisie deelgeneem en onderskeidelik soos volg presteer:

Mikayla van den Berg – graad 4S:
Kata : meisies 9 – 10 jaar geel belt – 1ste plek (goue medalje)
Kumutei : meisies 9 – 10 jaar geel belt – 1ste plek (goue medalje)

Bradley van den Berg – graad 1L:
Kata : seuns 6 – 7 jaar geel en oranje belt – goue medalje

Ryan Minnie – graad 1W:
Kata : seuns 7 – 8 jaar geel belt – goue medalje
Kumutei : seuns 7 – 8 jaar geel belt – 2de plek (silwer medalje)

Baie geluk!